# Jesus Maak Jou Storm Stil






**2020-04-19**

**AGS Rayton**

**Past Gustav van Aardt**

# Inleiding

- Is jy vandag in ‘n storm?

Mat 8:23-27

- Mat 8:23  En toe Hy in die skuit klim, het sy dissipels Hom gevolg.
- Mat 8:24  En daar het ‘n groot storm op die see gekom, sodat die skuit toe was onder die golwe; maar Hy was aan die slaap.
- Mat 8:25  Daarop kom sy dissipels en maak Hom wakker en sê: Here, red ons, ons vergaan!
- Mat 8:26  En Hy sê vir hulle: Waarom is julle bang, kleingelowiges? Toe staan Hy op en bestraf die winde en die see, en daar het ‘n groot stilte gekom.
- Mat 8:27  En die manne het hulle verwonder en gesê: Wat vir ‘n mens is Hy, dat selfs die winde en die see Hom gehoorsaam is?

# 1. Jy moet Jesus volg

*Mat 8:23  En toe Hy in die skuit klim, het sy dissipels Hom gevolg.*

- Jy sal storms kan trotseer deur Jesus te volg.  Dit begin alles by Hom.
- Jy is slegs ‘n kind van God as jy Hom volg.
- Deur Jesus te volg gaan jy ook soms in storms beland.

# 2. Jou geloof sal getoets word

*Mat 8:24 .....maar Hy was aan die slaap.*
*:26 En Hy sê vir hulle: Waarom is julle bang, kleingelowiges?*

- Jesus slaap in die skuit.
- Hy toets hulle geloof.
- Gaan hulle op Hom vertrou...?
- Hoe lyk jou geloof vandag?

# 3. Bid wanneer jy vrees

- *Mat 8:25 Daarop kom sy dissipels en maak Hom wakker en sê: Here, red ons, ons vergaan! Mat 8:26 En Hy sê vir hulle: Waarom is julle bang, kleingelowiges?*
- Die dissipels is in groot vrees.
- Hulle maak Jesus wakker met hulle gebede.
- Hulle glo Jesus kan hulle red.
- Hulle bid: "Here red ons, ons vergaan!"
- Hy red die wat Hom erken as hulle Here.

Hand 2:21 En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

# 4. Jesus Christus maak jou storm stil

- *Mat 8:26 En Hy sê vir hulle: Waarom is julle bang, kleingelowiges? Toe staan Hy op en bestraf die winde en die see, en daar het 'n groot stilte gekom.*
- Jesus spreek hulle vrees aan deur hulle geloof te bevraagteken.
- Hy het mag oor elke storm. Jesus breek die mag van storms.
- Wanneer Hy storm stil maak word al die effekte van die storm ook stil.
- Rom 14:11 Want daar is geskrywe: So waaragtig as Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely.

# 5. Jesus word verheerlik

*Mat 8:27  En die manne het hulle verwonder en gesê: Wat vir ‘n mens is Hy, dat selfs die winde en die see Hom gehoorsaam is?*

- God soek jou aanbidding en verwondering.

- Psa 117:1  Loof die HERE, alle nasies! Prys Hom, alle volke!
- Psa 117:2  Want sy goedertierenheid is geweldig oor ons, en die trou van die HERE is tot in ewigheid. Halleluja!

# Afsluiting

- Net soos die dissipels, en miljoene Christene voor ons, gaan almal iewers deur storms.
- Het jy al saam met Jesus in die skuit geklim en vaar jy saam met Hom?
- Is Hy vandag jou Here wie jy kan aanroep?